# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC Newsletter of the VOC Foundation

2/2011


Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*


**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www.voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


---

*Welaen Vrunden!*

**Komitee 2011.** Die volgende lede is vir vanjaar tot die bestuur gekies**:** L. Hattingh (Voorsitter), H. Scheffler (Vise-voorsitter), F. de Bruin, B. de Vries, C. de Wet, L. Gadezweni, T. Potgieter, D. Sleigh, A. van Wyk, N. Walters, P. Westra.

**Stigtingsdag**. ’n Komitee onder voorsitterskap van lid Piet Westra het ’n herdenking van die stigting van Kaapstad, 359 jaar gelede gereël, wat op **Saterdag 2 April** om **08:30** begin. Soos by vorige geleenthede het ons die samewerking van die Kasteel se uitvoerende hoof, en ons kan ons dank aan hom bewys deur daardie oggend ’n hele klomp besoekers deur sy poort te bring, wat sy statistieke vir April sal laat steier. Die Kasteel Beheerraad wil graag die Kasteel die gewildste toeristebestemming in Kaapstad maak. Bring dus die vriende, kinders, hulle vriende en families, ook die bure en hulle s’n, en versprei die nuus van vandag af per foon, brief en e-pos tot so ver as die Transvaal. Oorsee ook, dit is goeie reklame vir ons. Ons wil graag dat Kaapstad se burgemeester, ons eregas, sien dat entoesiasme vir die gedagte bestaan, totdat Stigtingsdag eendag op die burgemeesterlike dagboek as ’n amptelike munisipale okkasie verskyn. Toevallig is dit dié dag ook Regiment Westelike Provincie (let op daardie spelling) se medaljeparade. Die Regiment is baie oud en het nog hulle eie menasie in die Kasteel, ’n voorreg wat deur die res van die wêreld beny word. Ook is hulle deur die Stad vereer met die Vryheid tot Toegang van Kaapstad (dit beteken dat hulle met bajonette op deur die strate mag trek). Hulle unieke seremonieële drag sluit onder andere wit tropiese helms en kort kakiebroeke in, soos dit ’n koloniale burgermag-regiment betaam. Hopelik verskyn hulle daarin geklee. Hulle verskaf ook die orkes vir die geleentheid, en ’n trompetter vir die *Wilhelmus*. Ons voorstelle om ’n gesamentlike program is entoesiasties deur hulle en die Kasteel aanvaar, hulle wil ook ’n jaarlikse geleentheid daarvan maak, en ons het ’n stewige, kleurvolle en interessante herdenkingsgeleentheid saamgestel.

So lyk die program:

08:30 Kasteelpoort open vir publiek. (Gratis parkering langs Kasteel, uit Darlingstraat.)
09:00 Burgemeester arriveer per koets.
09:15 Verwelkoming. “Die betekenis van dié dag.”

09:30  Vlaghysing deur Regiment W. P (Let op die punktuasie.)
10:15  Burgemeester se Toespraak.
10:30  Maleier Koor: ‘Hollandse liedjies.’
10:55  *Wilhelmus*.  (Trompetsolo en sang.)
11:00  Voorlaaier-geweersaldo gevolg deur Kanonsalvo.
11:05  Medalje-parade
11:55 Bedanking en Afsluiting.

* Sien u daar. Al reën dit, gaan ons voort, onder sambrele.

**Besigheidsmetodes**
*Hongi (*Moluks: geraas, getier): ‘*Vloot van gewapende prauwen in de Molukken, waarmee op commande van de Compagnie eens per jaar ‘visite’ gehouden werd, ter uitroeïng van clandestien aangeplante specerijbomen.’* (*VOC-Glossarium*, RGP, Den Haag, 2000.)

Die Kompanjie het, volgens aanvraag op die Europese mark, beveel watter speserye op Oosterse eilande in sy talassokrasie verbou moet word. Om dit te reguleer is ’n *hongi*-vloot van dertig of veertig groot *praue,* jaarliks van eiland tot eiland gestuur. Elke nedersetting is verplig om een *prau* met roeiers te verskaf. Hoewel ’n *prau* ook geseil kon word (die sogenaamde vlerk-prau), is ’n *hongi-prau* beman deur honderd of meer inheemse roeiers. Hulle taak was om die ‘onwettige’ plantasies van eilandhoofde wat nog met tradisionele kliënte handel gedryf het, te verwoes. Vir volgehoue weerspannigheid kon die hoof van sy eiland gehaal en verban word, selfs Kaap toe. In die *Grote Atlas van de VOC, deel 7,* (pp. 370-371) is ’n groot gekleurde panorama uit ongeveer die jaar 1700, van ’n *hongi*-vloot begelei deur ’n oorlogskip van die Kompanjie, teen die agtergrond van ’n swaarbeboste tropiese eiland. Dit is ’n indrukwekkende gesig; meer as vyftig *praue* met vaandels en wimpels, voor die ‘*negerij*’ Tawaij aan die noordkus van Ceram. By elke *prau* staan die naam geskryf van die dorp wat dit verskaf het. Die Kompanjieskip en omtrent al *praue* dra die vlag van Kamer Zeeland, moontlik omdat Here XVII volgens roetine toe in Middelburg gesetel was. Die *negerij* bestaan uit omtrent agt hout hutte in ’n oopgekapte kol in die bos.

**Die Pakhuis**.
Nommers 100, 98, 96 en 92 Strandstraat vorm die bekende straataansig van die sogenaamde Lutherse Blok in die Bo-Kaap. Almal dateer uit die laat 1700’s. Nommer 100 was die woning van die koster, en huisves nou die Nederlandse Konsulaat. Nommer 98 is die Lutherse kerk, 96 was die pastorie en is nou die Goud Museum. Nommer 94 op die hoek van Strand- en Breestraat is ’n eenvoudige ou gebou met die vorm en voorkoms van ’n skoendoos, waar vroeër ’n graanpakhuis van die Kompanjie was. Dit is die enigste van die vier wat nie ’n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid is nie. Toestemming vir strukturele verandering aan nommer 94 is deur belanghebbendes aangevra. Lede Gawie en Gwen Fagan was so vriendelik om die bouplanne en skaalmodelle by ons afgelope Algemene Jaarvergadering te vertoon en te bespreek, en die Stadsraad het ons Stigting se

kommentaar op die voorgestelde ontwikkeling gevra. Ek het gaan soek wat die VOC se verbintenis met die perseel was, indien enige. Ons uitvoerende komitee se antwoord aan die Stadsraad was dat ons sonder verdere ondersoek nie kan bevestig dat die bestaande gebou wel die pakhuis is wat hieronder beskryf word nie, maar om verskeie estetiese en beginselsredes, onder meer dat dit boukundige bewaring oor die algemeen in gedrang bring, voorgestel dat die aansoek van die hand gewys word. Dit was ons nuwe komitee ('n die week tevore gekies) se eerste amptelike besluit.

'n Reëltjie van Shakespeare (uit *Twelfth Night,* as ek reg onthou) wat ek soms aan my vrou gesê het as ons in Engeland is, bly my by: "*I pray you, let us satisfy our eyes / With the memorials and things of fame / That do renown this City.*" Daarna moes ons elke keer terug na arme ou Kaapstad, waar so min oorgebly het. Erens, moontlik kort voor die Tweede Wêreldoorlog, is die droom verlore geraak, en droomtyd was verby. Gesien die toestand van amptelike bewaring in die hele land, word die doel en rol van nie-amptelike organisies soos byvoorbeeld ons en Stigting Simon van der Stel, en daarby die behoefte om uit te brei en netwerke van vrywilligers te vorm, belangriker. Dit is waarom ons steun gee aan pogings om 'n oorkoepelende nasionale organisasie soortgelyk aan die baie suksesvolle Britse *National Trust* te vorm, met slim navorsers, advokate, prokureurs, mense wat met geld kan werk en invloedryke gemeenskapsleiers in sy geledere.

Ek weet nie of die volgende inligting oor Strandstraat 94 al voorheen gepubliseer is nie en sit daarom my naam daarby:

D. Sleigh: VOC-Pakhuis, hoek van Strand- en Breestraat, Kaapstad.

'n Opdrag van Here Sewentien om, na aanleiding van burgerklagte uit die Kaap, graan, wyn en ander landsprodukte wat die burgers, wanneer die Kompanjie reeds ten volle voorsien was, nie aan vreemde skepe kon verkoop nie, op te koop en na Europa uit te voer, is op 19 April 1786 in die Politieke Raad bespreek. Raadslede J.J. le Sueur (Keldermeester) en T.C. Rönnenkamp (Dispensier) is afgevaardig om te ondersoek watter pakhuise ('*maguazijnen*') daarvoor beskikbaar was, of gehuur of gebou moes word.(1)

Toe die vorige Dispensier of Pakhuismeester A. van Schoor in Maart 1786 aftree en na Nederland terugkeer, het hy die pakhuis wat die Kompanjie vroeër by hom gehuur het, aan die brandewynpagter J.J. van den Berg verkoop. In ruil vir die verlies het Van den Berg 'n nuwe pakhuis van twee verdiepings wat hy self laat bou het, aan die bokant van die Kaapse vlek geleë en met ruim grond waarop nog gebou kon word, aan die Kompanjie te koop aangebied. (Hier vind ons ook die naam 'Bo-Kaap' in wording.) Die gebou was van goeie konstruksie en gerieflik naby die Kasteel en kaai geleë. Van den Berg wou 40 000 gulden (Kaapse waardasie) daarvoor hê. Le Sueur en Rönnenkamp is afgevaardig om dit teen die beste prys te koop. (2)

'n Buitengewoon goeie oes is in Desember 1788 verwag en die twee afgevaardiges het weer die beskikbaarheid van stoorplek vir graan ondersoek. Die ruimste, wat saam 20 000 mud graan kon berg, was die Kompanjie se bestaande drie pakhuise uit goewerneur

Tulbagh se tyd, aan die strand naby die kaai geleë, elk drie verdiepings hoog, 142 voet lank en net 16 voet wyd. Vier ander pakhuise is intussen aangekoop. Eerste genoem is die nuwe dubbelverdieping pakhuis langs die Lutherse pastorie, 201 voet lank en 41 voet wyd, met 'n solder wat 8000 mud bevat en teen 36 000 gulden (Kaaps) gekoop is van die burger J.J. van den Berg. 'n Tweede pakhuis is gedurende die vorige oorlog (1781-1784) ook van Van den Berg gekoop om artilleriste in te huisves. Derdens was daar die pakhuis en solder van Ingenieur Cloete, en vierdens dié van die weduwee Schreuder, van 1781 af deur die Kompanjie van haar gehuur om die Franse huursoldate in te kwartier en later van haar gekoop as huisvesting vir die Luxemburgse regiment. Die totale kosprys van die bykomende pakhuise was 103 000 gulden (Kaaps) en almal was geskik as graanstore.(3)

Die perseel van die ou Spinnery in die middedorp (aan die huidige Spin Straat) was geskik indien nog 'n graanpakhuis gebou moes word, omdat dit minder aan vyandelike skepe se kanonvuur blootgestel was as al die ander. (4)

---

(1) C171 Resolusies van die Politieke Raad: 19.4.1786. (2) *Ibid.*: 17.5. 1786. (3) C180 Resolusies van die Politieke Raad: 9.12.1788. (4) C174 Resolusies van die Politieke Raad: 17.1.1787; C180 Resolusies van die Politieke Raad: 9.12.1788.

**Goue Medalje vir Bewaring**: Ons lid Kay de Villiers is met die Stigting Simon van der Stel se Goue Medalje vir Bewaring vereer. Veels geluk van ons almal. Kay is o.a. een van die oprigters van die Mediese Museum wat omtrent twintig jaar gelede by die Somerset Hospitaal in Groenpunt ingerig is. Dit is 'n uiters interessante museum wat 'n goeie besoek verdien. Ek beskou dit is ook as 'n monument vir Kay.

**Die sogenaamde Van Riebeeck-heining.**

Vise-voorsitter Helena het 'n ekspedisie gelei na die kantoor van die SA Erfenis-hulpbronne Agentskap (SAEHA) in Kaapstad, om te verneem hoe sake staan aangaande die paar wildeamandelbome bo-op Wynbergheuwel wat as 'Van Riebeeck se heining' geproklameer en deur president Mbeki as '*symbol of division'* gebrandmerk is. Ons het al 'n jaar tevore om deproklamasie aansoek gedoen. Die gevolg was, ons is ingelig dat SAEHA hulle bronsplaat sal verwyder. Meeste nasionale gedenkwaardighede word afgegradeer na provinsiale gedenkwaardighede. Dit gebeur landswyd. Plaaslik dra SAEHA net hulle lêers oor aan Erfenis Wes-Kaap (EW-K). Ons het ook gewys op die opvoedkundige en kultuurhistoriese potensiaal van die bome, en die behoefte aan 'n nuwe inligtingsbord. SAEHA het onderneem om 'n vergadering te belê met ons, EW-K, die Stad se bewaringsafdeling en ander belanghebbendes, oor die deproklamasie en toekoms van die bome.

**Uitstappies en dinge**:

1. *Ds Van Lier se graf.* Min grafte van VOC-amptenare aan die Kaap het behoue gebly, anders byvoorbeeld as in Sri Lanka waar tientalle voorbeelde bestaan. Ek het maar van twee geweet. Een was van poshouer C. Campen (in 1739 oorlede, deur die Hernhütter

sendeling Georg Schmidt begrawe op die buitepos Soetemelksvalleij), wat omtrent dertig jaar gelede deur die destydse eienaar omgeploeg is. 'n Ander is van 'n traanmaker (robbeslaner) op 'n eilandjie waarvan ek die naam stil hou totdat ons gereed is om iets vir hom te doen. En was dit nie dat ds Van Lier, oorlede ongeveer 1792, 'n buitengewone rusplek gevind het nie, kon syne - soos al die ander - ook voor stootskrapers verdwyn het. Die Van Lier Forum, wat die graf in bewaring geneem het, het ons genooi om daarna te kom kyk. Buurman Kay de Villiers sal as gids optree en ons vertel van hierdie merkwaardige amptenaar en sy invloed op die Kaapse gemeenskap. Die datum is Saterdag 14 Mei, en ons kom om 10:00 op die hoek van Ravensberg en Finsbury Strate in Nuweland bymekaar. (Enigeen wat wil weet waar dit is, bel 021-531-4787 die dag tevore.) Omdat die Van Lier Forum uitgawes het ten opsigte van hierdie VOC-artefakt, stel ek voor dat ons daar 'n geldelike bydrae maak tot die goeie saak. Ons tesourier sal soos gewoonlik aan die einde 'n hoed rondstuur. Vriende en familie is altyd welkom. Teken asb. die datum aan. Daar verskyn nie nog 'n *Missive* om u te herinner nie.

2. *Die slaweskip* Meermin. 'n Dokumentêre video oor die vreemde gebeure rakende die Kompanjie se slaweskip *Meermin* in die tyd van goewerneur Tulbagh, word om **10:30** op **Saterdag 28 Mei** by **Huis der Nederlanden** in **Pinelands** vertoon. Twee lede van ons Stigting, wat dié interessante, en soos gesê uiters vreemde geval ondersoek, aan 'n manuskrip daaroor werk en ook bydraes tot bogenoemde video gemaak het, sal toeligting gee. Teken dit ook asseblief in dagboeke aan. Daar verskyn nie weer 'n *Missive* voor dié datum nie.

3. *Vergelegen*, die Kompanjie se gewese buitepos Hottentots-Holland, en later setel van die dramatiese en onplesierige W.A. van der Stel-saga, naby Somerset-Wes, in Julie-Augustus vanjaar wanneer hulle kamelias / japonikas blom. (Ek weet nie watter een nie maar dit is die moeite werd om te sien.) Meer inligting in ons volgende *Missive*.

**Geldsake:** Dankie aan alle lede wat hul jaargeld reeds vroeg betaal het, en ook vir donasies ontvang. Ons nuwe tesourier is komiteelid Boudewijn de Vries. Sy telefoonnommer vind u bo-aan die *Missive*. Hier is nuwe besonderhede vir elektroniese betaling van gelde soos ledegeld, funksies, toere, ens. in ons ABSA rekening op Somerset-Wes. Rekening naam: Stigting VOC. Rek.nr: 925 884 0691. Takkode: 334 712. Onthou om altyd u naam by te voeg met 'n aanduiding soos ledegeld, toer of donasie, vir korrekte boekhouding.

*Behoude Vaert!*

D.SLEIGH
(REDAKTEUR)
15 Maart 2011